AGTERGROND: Aragnoïedsiste word met neuropsigiatriese morbiditeit geassosieer.
GEVALLE: Ons beskryf twee pasiënte wat met dissosiatiewe en maniese simptome voordoen, wat ons glo met middelfossa aragnoïedsiste geassosieer kan word. Hulle is medies hanteer en het uiteindelik remissie getoon, maar simptome was weerstandig.
GEVOLGTREKKINGS: Ons bied ’n bondige oorsig van die literatuur om meganismes waardeur siste simptome sou kon veroorsaak, te hersien en oorweeg of neurochirurgiese behandeling toepaslik sou wees. Alhoewel neurochirurgie oorweeg kan word, is die rol daarvan tans as gevolg van praktiese en etiese oorwegings beperk.